Nederduitse Gereformeerde Kerk Sasolburg-Tuinedal (Dolerend)

Leraar:-
Ds Pieter Prinsloo
083 302 2903

Skriba:-
A Els
Tel/Faks (016) 976 2376
ngtuinedalssb@gmail.com
Donkinstraat 7
Sasolburg
1947

Kantoor-ure
Ma, Wo & Vr : 08:00 - 12:00
Dinsdae/Donderdae : gesluit

Posbus 675
SASOLBURG
1947

6 Junie 2023

Die Kerkraad van NGK Sasolburg-Tuinedal het besluit[1] om die volgende twee beskrywingspunte aan die Algemene Sinode te stuur.

BESKRYWINGSPUNT 1:
RUIMTES VIR EIE OORTUIGINGS BINNE DIE VERBAND VAN DIE NGK:
(Konsekwentheid asook konsekwensies weens die besluit van die Algemene Sinode om ruimtes vir eie teologiese oortuigings binne die verband te skep.)

Die kerkraad van NGK Sasolburg-Tuinedal het kennis geneem van die volgende erkenning van die Algemene Sinode in die 2019 besluit oor selfdegeslagverhoudings:

"1. Die Algemene Sinode neem kennis dat verskille in die kerk ten opsigte van Skrifhantering en Skrifuitleg tot vasgelooptheid gelei het, en dat voortgaande besinning oor verantwoordelike Skrifuitleg steeds nodig is."
asook
"8. Die Algemene Sinode erken dat daar:
8.1 kerkrade en predikante is wat nie hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig nie,
8.2 ook kerkrade en predikante is wat wel hulle weg oopsien om burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.
9. Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree, bevestig."

Die kerkraad wil in die lig daarvan dat die Algemene Sinode, met spesifieke verwysing na "kerkrade en predikante", "bevestig" het dat "ruimte ... vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op te tree" rakende selfdegeslagverhoudings, die Algemene Sinode versoek om hierdie ruimtes vir "kerkrade en predikante" konsekwent toe te pas, sodat dit prakties en uitvoerbaar kan toegepas word op ringsvlak asook sinodale vlak waar talle gemeentes nie hulle weg oopsien om te funksioneer binne ringe en streeksinodes waar gemeentes die Skrif op weersprekende wyse verkondig rakende selfdegeslagverhoudings nie. Hierdie gemeentes vra daarom ruimte om saamgroepeer te word.
Die vraag ontstaan natuurlik of gemeentes nie nou oor enige teologiese randsaak kan versoek om hergroepeer te word nie? Die antwoord hierop is 'n onomwonde nee. In die inligting wat volg, word dit duidelik aangetoon dat hierdie besluit om ruimte te skep vir die

[1] Uittreksel uit die betrokke notule is op aanvraag beskikbaar.

bevestiging van selfdegeslagverbintenisse, 'n unieke en eiesoortige teologiese dilemma ontketen het binne die verband van die NGK, en gevolglik anders is as verskille tussen gemeentes oor sogenaamde teologiese randsake waarvoor die kerk histories altyd spanningloos ruimte toegelaat het en toekomstig altyd spanningloos ruimte sal toelaat.
Die kerkraad besef ook dat die formele ruimte wat die Algemene Sinode probeer skep het vir nog ander weersprekende vertolkings van die Skrif aangaande die erkenning dat bose geeste bestaan, asook ruimte vir seksuele saamwoonverhoudings bygedra het tot hierdie agterdog en onenigheid tussen gemeentes in ringe en streeksinodes.

VIR KENNISNAME:

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat daar:
    1.1 Gemeentes is wat hulle weg oopsien om op ring- en sinodale vlak saam te werk met gemeentes wat anders as hulle dink oor selfdegslagverbintenisse;
    1.2 ook gemeentes is wat nie hulle weg oopsien om saam met gemeentes te werk wat gemaklik is met die ruimte vir selfdegeslagverbintenisse binne die verband nie.
2. Die Algemene Sinode het reeds gekies vir 'n standpunt dat daar ruimte vir almal geskep moet word, om volgens hulle oortuiging op te tree, en wil die konsekwensies van hierdie standpunt eerbiedig.
3. Die Algemene Sinode neem kennis van die volgende redes waarom sekere gemeentes nie hulle weg oopsien om in dieselfde ringe en sinode as gemeentes wat anders dink oor selfdegeslagverhoudings, te wees nie:
    3.1 Genoemde gemeentes beleef dit as onhoudbaar om op ringsvlak asook streeksinodale vlak saam te werk waar een NG gemeente verkondig dat selfdegeslagverbintenisse in God se Naam veroordeel moet word as 'n tugwaardige sonde, terwyl die buurgemeente verkondig dat dieselfde verbintenis in God se Naam bevestig en geseën moet word of dat dit bloot as 'n randsaak beskou kan word.
    3.2 Genoemde gemeentes beleef gevolglik ook 'n volkome vertrouensbreuk met andersdenkende gemeentes wat die oordrag van lidmaatskap met attestaat, onderlinge kanselruiling asook beroeping van leraars betref.
    3.3 Die Algemene Sinode neem ook kennis dat hierdie besluit om ruimte te skep vir die bevestiging van selfdegeslagverbintenisse, volkome anders is as verskille tussen gemeentes oor sogenaamde randsake waarvoor die kerk histories altyd sonder onenigheid en agterdog ruimte toegelaat het en waarvoor die sinode toekomstig altyd op spanninglose wyse ruimte sal toelaat.
4. Die Algemene Sinode neem kennis van die unieke en onhoudbare spanning tussen gemeentes op ringsvlak asook sinodale vlak wat a.g.v. hierdie standpunt sigbaar word soos byvoorbeeld daarin dat byna 100 NG gemeentes doleer en nog ander gemeentes hieroor ongelukkig is.

AANBEVELINGS

Die Algemene Sinode wil teen hierdie agtergrond, die volgende oplossings bied vir die konsekwensies van sy besluit om ruimtes te skep vir verskillende Skrifvertolkings oor selfdegeslagverhoudings:

1. Die Algemene Sinode wil in hierdie geval konsekwent bly aan punt 9 van sy besluit oor selfdegeslagverhoudings wat lui: "Die Algemene Sinode wil graag die ruimte wat vir almal geskep word, om volgens hulle oortuiging op

te tree, bevestig."

2. Die Algemene Sinode wil daarom bevestig dat dit begryplik is dat talle gemeentes die ruimte versoek om saamgroepeer te word in die lig van hierdie besluit.
3. Die Algemene Sinode bevestig dat die vorming van nuwe sinodes nie die verantwoordelikheid van die AS is nie.
4. Die Algemene Sinode keur dit wel in beginsel goed, dat gemeentes wat dit onhoudbaar vind dat ander gemeentes binne hulle ringe en streeksinodes selfdegeslagverbintenisse in God se Naam bevestig, op kerkordelike wyse saam groepeer kan word om as 'n teologies-kategoriale streeksinode deel te vorm van die algemene sinodale verband.
5. Die Algemene Sinode versoek daarom die bestaande sinodes van die NG Kerk om ruimte te skep vir gemeentes om by so 'n teologies-kategoriale sinode aan te sluit.
6. Die Algemene Sinode bevestig dat hierdie kategoriale sinode dieselfde regte en voorregte as ander samestellende kerke/sinodes van die Algemene Sinode sal besit.
7. Die Algemene Sinode besluit om 'n taakspan saam te stel wat kan help om sinodes wat so besluit en hulp nodig het, adviserend te begelei en ook samewerking tussen die sinodes onderling te koördineer sodat daar uit al die sinodes slegs een kategoriale sinode tot stand sal kom. Die AS besluit om hierdie adviserende taakspan soos volg saam te stel: Die ASM benoem drie lede, en die kerkraad wat hierdie beskrywingspunt ingedien het benoem die ander drie lede van die taakspan.

BESKRYWINGSPUNT 2:
GEOGRAFIESE GRENSE EN DIE WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 32

Die kerkraad van NGK Sasolburg-Tuinedal versoek die Algemene Sinode om hierdie beskrywingspunt saam met die vorige beskrywingspunt (wat vra vir die totstandkoming van 'n kategoriale sinode) te lees. Die kerkraad vra die Algemene Sinode ook om kennis te neem van die volgende agtergrondinligting rakende geografiese groeperings van lidmate en gemeentes:

VIR KENNISNAME:

1. Die Algemene Sinode neem kennis dat kerkorde artikel 32 tans as volg lui: "Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s)".

2. Die Algemene Sinode neem ook kennis van die volgende bepalings rakende geografiese lidmaatskap in die Kerkorde:

   "24.6 Die Algemene Sinode handhaaf die gebruik om gemeentes geografies af te baken."
   Terselftertyd bevat die kerkorde egter die volgende toegewing:
   "24.18 Persone kan binne die geografiese grense van 'n gemeente intrek en lidmaatskap van 'n ander gemeente verlang.
   24.18.2 Gemeentes behoort net lidmate van buite hulle geografiese grense te aanvaar indien dit prakties moontlik is om sulke lidmate te bedien waar hulle woon en dit vir sulke lidmate prakties moontlik is om aktiewe lidmate te wees van die geloofsgemeenskap."

3. Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat talle streeksinodes reeds die toegewing wat geld rakende lidmate en geografiese grense, toepas wanneer hergroeperings van gemeentes in ringe en sinodes versoek word; talle gemeentes word gevolglik op eie versoek in ringe en sinodes hergroepeer sonder dat geografiese redes die bepalende faktor is.

4. Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat moderne tegnologie (bv. Zoom) dit boonop vergemaklik om gemeentes te hergroepeer in ringe en sinodes sonder dat geografiese faktore deurslaggewend moet wees.

5. Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat artikel 32 nooit werklik bedoel was om hergroeperings van gemeentes uitsluitlik te beperk tot geografiese gebiede nie.

6. Die Algemene Sinode neem gevolglik kennis, dat dit teen die agtergrond van die vorige beskrywingspunt, wat die noodsaak van die totstandkoming van 'n kategoriale sinode motiveer, gepas sal wees om artikel 32 sodanig te wysig dat dit 'n duidelike verskansing sal bied vir die reeds bestaande praktyk waar gemeentes op versoek hergroepeer kan word in ringe en sinodes om ander redes as geografiese redes.

AANBEVELING

Die Algemene Sinode keur goed dat artikel 32 gewysig word om as volg te lui:

"Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat VERKIESLIK geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s)".

Namens die Kerkraad

Voorsitter
WGJ Pienaar

Skriba
AE Els